S.A. BGBA
S.A. BTV

Tel: 083 378 6370 info@boerboksa.co.za
Tel: 082 735 6118 www.boerboksa.co.za

S.A. BOER GOAT BREEDERS ASSOCIATION
S.A. BOERBOKTELERSVERENIGING

HOE REGISTREER EK MY BOKKE BY STAMBOEK?

1. Registreer deur SABTV by Stamboek om ‘n voorvoegsel te bekom (bv. ‘n plaasnaam “Bokfontein”) (stuur ’n epos aan die Kantoor en vra vir Stamboek aansoekvorms. Stuur die voltooide aansoekvorms met die bewys van betaling terug aan die Kantoor – info@boerboksa.co.za)

2. U is reeds in besit van ‘n kudde kenmerk nommer (stoetnommer)

3. Bokke moet korrek genommer wees wat bestaan uit 3 dele. (ONTHOU OOK ASB dat alle diere ’n ID nommer moet hê voordat hulle gekeur kan word!)

a) Kudde kenmerk no. (stoet No.) 617

b) Jaarsyfer. Vir 2023 is dit 23

c) ‘n Volgnommer op bokke begin elke jaar by 0001. Volledige No. is dus 617 23 0001

Stuur dan aan die Kantoor die Inspeksieverslag. Die Kantoor stuur die inspeksieverslag Stamboek toe vir opname van die diere. Die volgende moet op die inspeksieverslag verskyn:

I. Korrekte ID (langs die dier se plaat no.)
II. Geslag
III. Ma se ID. / ID.
IV. Datum en bewys dat dier gekeur is deur ‘n SABTV inspekteur.

Nota : Bokke wat deur LNR op die Intergis stelsel is kan ook by Stamboek registreer na keuring.

Inligting rakende nuwe formaat van inspeksie van bokke:

- Enige afdeling A ooi wat voor 2024 gebore is kan 'n stoetplaat kry. Maak nie saak of sy na 2024 gekeur word nie.
- Enige afdeling B ooi wat voor 2026 gebore is kan 'n stoetplaat kry. Maak nie saak of sy na 2026 gekeur word nie.
- Enige afdeling A ram gebore voor 2023 kan 'n stoetplaat kry. Maak nie saak of hy na 2023 gekeur word nie.
- Enige afdeling B ram gebore voor 2024 kan 'n stoetplaat kry. Maak nie saak of hy na 2024 gekeur word nie.

Al die diere behou hulle stoetplate en kan by nasionale en wêreldskou deelneem.

Kleur Plaat Sisteem - Geen dier word geplaat sonder ID plaat nie (Jaartal + nr - bv 23-01)

- **Blou** - 'n Geregistreerde dier wat fenotipies voldoen aan vereistes van 'n stoet dier asook aan die registrasie tydlyn vereistes soos gekommunikeer
- **Groen** - Alle kudde diere (insluitend Tipe D telers)

Kudde Inspeksie verslag kodes as volg:
K - Kudde Bouvorm (alle diere met kudde bouvorm ongeag registrasie)
KR - Kudde Registrasie (Stoet bouvorm, voldoen nie aan registrasie vereistes - Alle telers, insluitend Tipe D telers)
KSP - Kudde Speen (Stoet Bouvorm, kudde speen)
KK - Kudde kleur (Stoet Bouvorm, kudde kleur) Word so op inspeksie verslag aangeteken met bostaande kodes.

- **Rooi** - "Fit to Travel" plaat - geen ooglopende prulfoute en voldoen aan minimum vereistes vir uitvoer doeleindes (van toepassing op diere wat te jonk is vir inspeksie)

Plaas inspeksies - Teler kan self besluit indien hy/sy kudde bokke geplaat wil hê – teler verantwoordelik vir koste vanaf Julie 2024*

GROEP D TELER:
1.1.1 'n Bok wat aan die rasstandaarde voldoen.
1.1.2 Hierdie kudde sal nie by S A Stamboek geregistreer word nie.
1.1.3 Sekere voorwaardes sal geld waaronder hierdie lid sy lidmaatskap binne die telersvereniging kan behou, naamlik:
(a) Geen deelname aan 'n nasionale of wêreldskou.
(b) Geen aanbieding van diere op enige nasionale veiling of skouveiling nie.
(c) Diere binne hierdie kudde sal slegs gekeur of afgekeur word met elke twee-jaarlikse keuring en met dieselfde SABTV plaatjies geplaat word.
(d) Enige diere uit hierdie kudde sal, indien registrasie plaasvind, na die intreedatum opgeneem word as basis diere, met ten minste 'n 12 (twaalf) maande skriftelike kennisgewing van die intreedatum aan die lede.